AFDELING A: LEESBEGRIP

Teks A: Paragraaf

Lees die paragraaf en beantwoord dan die vrae:

Dit was verlede naweek Paasfees. Ek was van die Donderdag tot die Dinsdag saam met my hele gesin in Durban. Die eerste twee dae het die win die hele tyd gewaai en dit het baie gereën. Ek wou so graag strand toe gaan, maar my ma het gesê ek sou siek word. Gelukkig het ons 'n groot duisendstuklegkaart en sewe bordspeletjies saamgevat. Toe die son uiteindelik begin skyn, was ons die hele dag op die strand. Daar was baie mense. Gelukkig het niemand verdrink nie, en die lewensredders kon rustig sit en almal dophou. Op ons laaste dag was ons by Ushaka. Ek kon nie glo hoe slim die dolfyne is nie. Ek het ook geskrik toe 'n groot haai in die tenk verby my swem. Dit was 'n baie lekker vakansie, ek sal dit nooit vergeet nie!

Beantwoord die volgende vrae in volsinne behalwe as die instruksie iets anders van jou verwag:

1. Hoeveel stukke was die legkaart? (2)

_____

_____

2. Wie het die mense op die strand dopgehou? (2)

_____

_____

3. Dink jy die persoon het die vakansie geniet? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

_____

_____

4. Sê of die volgende sin waar of onwaar is: (1)

- Die persoon was vir ses dae in Durban. _____

5. Noem twee seediere wat die persoon by Ushaka gesien het. (2)

_____

6. Voltooi die sin: (1)

- Die wind het vir _____ dae gewaai.

Sub-Totaal Teks A: [10]

Teks B: Gedig

Lees die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

TITLE: Herfs
Deur: A. Nel

Rooi, geel, oranje, bruin
die kleure oral oor.
Die blare waai so in die wind
van agter en van voor.

Die weer raak bietjie kouer nou
en truie dra ons graag.
Maar steeds wil ons nog buite speel
as ons dit dan sal waag.

Ons groet die warm somersdae
en trek ons jasse aan.
Die herfsweer is nou volstoom hier
en die blare is gedaan!

1. Noem twee dinge wat die mense in die gedig in die herfs dra.($2 \times \frac{1}{2} = 1$)

_____

2. Van watter ander seisoen (behalwe herfs) praat hulle in die gedig? (1)

_____

3. Wie het hierdie gedig geskryf? (1)

_____

4. Onderstreep die regte antwoord: (2)

- Die weer in die herfs is warmer/kouer.
- Die naam van die gedig is Herfs/Blare.

Sub-Totaal Teks B: [5]

Teks C: Visuele Teks

Kyk na die uitnodiging en beantwoord dan die vrae wat volg.

1. Wie se partytjie is dit? _____ (1)

2. Hoe laat begin die partytjie? _____ (1)

3. Noem twee goed wat jy kan saamneem. (2)

_____

4. Onderstreep die regte antwoord: (2)

- Die partytjie is op 7 Junie/16 Junie.
- Die partytjie begin twaalfuur/twee-uur.

5. Sê of die volgende waar of onwaar is: (2)

- Jessica word 10 jaar oud. _____
- Die partytjie het 'n sirkustema. _____

6. Noem die twee verskillende partytjieversierings wat jy op die uitnodiging sien. (2)

_____

Sub-Totaal Teks C: [10]

Sub-Totaal Afdeling A: [25]

AFDELING B: OPSOMMING

Die volgende paragraaf is 'n kort opsomming van die storie van die persoon wat Durban besoek het. Gebruik die woordbank en vul die ontbrekende woorde in. (5)

legkaart	geswem	Paasnaweek	Ushaka	winderig

Ek wil jou van my lekkerste vakansie ooit vertel! Ons was gedurende die _____ in Durban. Ongelukkig was die eerste paar dae _____ en nat. Ons het binne gebly en _____ gebou en bordspeletjies gespeel. Toe die son skyn het ons dadelik strand toe gegaan. Ons was die hele dag op die strand en ons het lekker in die see _____. Ons het ook _____ besoek en dit was die hoogtepunt van my vakansie!

Sub-Totaal Afdeling B: [5]

AFDELING C: TAAL IN KONTEKTS

<u>Werk met woorde</u>

Vraag 1 en 2 is op Teks B gebaseer.

1. Rangskik die woorde in alfabetiese volgorde: $(4 \times \frac{1}{2} = 2)$

- Rooi _____
- Geel _____
- Oranje _____
- Bruin _____

2. Soek die volgende woorde en skryf hulle hier neer: (2)

- 'n Antoniem vir koud: _____
- 'n Sinoniem vir effens: _____

<u>Werk met sinne</u>

Vraag 3 tot 5 is op Teks A gebaseer.

3. Skryf die sin in die verlede tyd oor: (1)

Ek en my gesin is die naweek in Durban.

_____

4. Skryf die sin in die toekomende tyd oor: (1)

Ek sit lekker op die strand.

_____

5. Onderstreep die hulpwerkwoord en die werkwoord in die sin: (2)

Ek het baie groot geskrik!

Spelling en Punktuasie

Vraag 6 en 7 is op Teks C gebaseer.

6. Onderstreep die spelfout in die sin. Skryf dan die sin oor en maak die spelfout reg. (1)

Jessica se adres verskyn op die uitnoodiging.

_____

7. Vul die onbrekende deelteken in: (1)

Indien die reen, sal ons die partytjie binne hou.

Sub-Totaal Teks C: [10]

GROOT TOTAAL: [40]